http://lexikos.journals.ac.za

# Uitdagings vir die Afrikaanse leksikograaf ten opsigte van Nederlandse lemmata in 'n vertalende Nederlands–Afrikaanse woordeboek*

Corlietha Swart, *Departement Afrikaans, Vista Universiteit, Bloemfontein, Republiek van Suid-Afrika (swart-c@blenny.vista.ac.za)*

**Opsomming:** *Voor Pampus liggen* het 'n oordragtelike betekenis en idiomatiese status in Nederlands verwerf, maar is gewoonlik onbekend aan die Afrikaanse leksikograaf buite die Nederlandse konteks. Vir 'n Afrikaanse leksikograaf met sy unieke verwysingsraamwerk en kulturele en sosiale waardeoordele word dit slegs in 'n Nederlandse milieu duidelik waarom die leksikografiese redigering van Nederlandse lemmata in 'n vertalende Nederlands–Afrikaanse woordeboek so 'n groot uitdaging inhou, ten spyte van die feit dat die twee tale so nou verwant is. Taalversteuring en -beïnvloeding vind makliker plaas tussen nou verwante tale. Taalrelatiwisme impliseer dat elkeen van die betrokke tale 'n unieke soort perspektief op die taaleie werklikheid bied vanweë 'n unieke lewens- en wêreldbeskouing wat 'n inherente deel uitmaak van 'n betrokke moedertaal. Belangrike metaleksikografiese riglyne sluit die oordeelkundige aanwending van pragmatiese leiding (bv. etikette), goedgekose, verhelderende sitate en poëme en relevante gebruiksleiding in. Dit kan die teikengebruiker van 'n vertalende woordeboek 'n insig gee in die unieke en kultuurspesifieke woordeskatelemente wat die tale van mekaar onderskei.

**Sleutelwoorde:** NOU VERWANTE TALE, VERTALENDE NEDERLANDS–AFRIKAANSE WOORDEBOEK, BRONTAAL, DOELTAAL, SKUIFFUNKSIE, OMKERING, KOMBINASIELEMMA, UNIEKE VERWYSINGSRAAMWERK, SOSIO-KULTURELE WAARDEOORDELE, TAALVERSTEURING EN -BEÏNVLOEDING, TAALRELATIWISME, SAPIR–WHORF-HIPOTESE, LINGUISTIESE RELATIWITEIT EN DETERMINISME, METALEKSIKOGRAFIESE RIGLYNE, KOLLOKASIES, ETIKETTE, PRAGMATIESE LEIDING, SITATE, POËME, GEBRUIKSLEIDING, RAME, METATAAL, TWEETALIGE LEKSIKOGRAFIE

**Abstract: Challenges for the Afrikaans Lexicographer with regard to Dutch Lemmata in a Dutch–Afrikaans Translation Dictionary.** *Voor Pampus liggen* has acquired a metaphorical meaning and idiomatic status in Dutch, but is generally unknown to the Afrikaans lexicographer outside the Dutch context. For the Afrikaans lexicographer with his unique frame of reference and cultural and social value judgements, it becomes clear only in a Dutch milieu why the lexicographical editing of Dutch lemmata in a Dutch–Afrikaans translation

* Hierdie artikel is 'n verwerking van 'n lesing wat aangebied is op die LVSA-jaarkongres by die Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, 2–4 Julie 2001.

*Lexikos* 13 (AFRILEX-reeks/series 13: 2003): 240-249

http://lexikos.journals.ac.za



dictionary is such a big challenge, despite the fact that the two languages are so closely related. Language interference and influence occur more readily between closely related languages. Language relativity implies that each of the languages concerned gives a unique perspective on its own reality, because of a unique life- and world-view which form an inherent part of a particular mother tongue. Important metalexicographic guidelines include the judicious application of pragmatic signals (e.g. labels), well-chosen clarificatory citations and made-up examples and relevant guidance as to usage. This can give the target user of such a dictionary an insight into the unique and culture-specific lexical elements which distinguish the two languages from each other.

**Keywords:** CLOSELY-RELATED LANGUAGES, DUTCH–AFRIKAANS TRANSLATION DICTIONARY, SOURCE LANGUAGE, TARGET LANGUAGE, SHIFT FUNCTION, REVERSAL, COMBINATION LEMMA, UNIQUE FRAME OF REFERENCE, SOCIO-CULTURAL VALUE JUDGEMENTS, LINGUISTIC INTERFERENCE AND INFLUENCE, LANGUAGE RELATIVISM, SAPIR–WHORF HYPOTHESIS, LINGUISTIC RELATIVITY AND DETERMINISM, METALEXICOGRAPHICAL GUIDELINES, COLLOCATIONS, LABELS, PRAGMATIC SIGNALS, CITATIONS, MADE-UP EXAMPLES, GUIDANCE FOR USE, FRAMES, METALANGUAGE, BILINGUAL LEXICOGRAPHY

## 1. Inleiding

Vertel 'n Afrikaanssprekende aan 'n Nederlandssprekende dat hy " 'n klomp groente" gekoop het, sien die Nederlandssprekende in sy geestesoog 'n groot houtklomp volgepak met groente. *Klomp* verwys in Nederlands eerstens na "skoeisel wat bestaan uit 'n uitgeholde stuk hout" en tweedens na " 'n vormlose massa". In Afrikaans beteken *klomp* egter eerstens " 'n groot versameling, 'n hele aantal of 'n groep" en tweedens verwys dit na " 'n Hollandse houtskoen". Die Afrikaanssprekende verwys dus na " 'n groot versameling groente" en die Nederlandssprekende verstaan " 'n houtskoen vol groente".

Verder vind 'n Afrikaanssprekende ook gou uit dat hy nie in 'n Nederlandse winkel kan sê dat die winkelassistent hom nie hoef te help nie, want hy "loer net 'n bietjie rond". In Afrikaans word *loer* in dié konteks meer neutraal aangevoel. *Loer* in Nederlands impliseer hier egter iets negatiefs: jy wag net jou kans af om iets oneerliks aan te vang, met ander woorde, jy kyk skelmpies rond met die bedoeling om byvoorbeeld te steel as jy die geleentheid kry! Hierdie verwarring kan voorkom word met behulp van 'n Nederlands–Afrikaanse woordeboek. Die grootste gros woorde in Nederlands is egter maklik verstaanbaar vir Afrikaanssprekendes ... Of is hulle werklik?

## 2. Die behoefte aan 'n vertalende Nederlands–Afrikaanse woordeboek

Merkwaardig genoeg bestaan daar, ten spyte van die feit dat 'n behoefte aan 'n Nederlands–Afrikaanse woordeboek gereeld geopper word, nog nie so 'n woordeboek nie, miskien omdat die mite van die algehele onderlinge verstaan-

http://lexikos.journals.ac.za



baarheid tot dusver lewendig gehou is. Reeds in 1986 verklaar Jansen en Olivier in *Praktiese Nederlands* (p. 141) dat daar geen Nederlands–Afrikaanse woordeboek bestaan nie en dat die enigste alternatief Prisma se *Nederlands–Engelse sakwoordeboek* is. Die leemte met betrekking tot so 'n woordeboek word in hulle boek aangevul met 'n bylaag van geselekteerde woorde waarvan sekere betekenisonderskeidinge in Afrikaans óf onbekend óf anders is. Ook Dorsman (1998: 10) wys op hierdie gebrek in die tydskrif vir vertaalwetenskap *Filter*: "Waar het aan ontbreekt is een goed woordenboek Afrikaans–Nederlands en vice versa." Een van die weinige resente werke wat wel die belangrikste verskille en afwykinge in die Nederlandse en Afrikaanse woordeskat onder die loep neem, is Yvette Stoops se werk *Bobbejane of bavianen* (1995). Hierin betreur sy die afwesigheid van vergelykende bronne wat die waarde van so 'n woordeboek weereens belig. Stoops (1995: 8) verklaar: "Wie belangstelling heeft voor het Afrikaans als taal, vind er nu in het Nederlands nagenoeg niets over en wat erover bestaat, is dikwijls verouderd, oppervlakkig of onnauwkeurig, ofwel uiterst gespecialiseerd."

## 3. Die nut van 'n woordeboek vir nou verwante tale

Die eerste vraag wat by 'n mens opkom en wat ook as vertrekpunt geneem kan word, is wat die nut van 'n uitgebreide woordeboek vir nou verwante tale is, aangesien sprekers van die een taal, juis vanweë die noue verwantskap, die anderstalige spreker met gemak kan verstaan. By nadere leksikografiese ondersoek blyk dit egter duidelik dat verwarring juis vanweë dieselfde noue verwantskap tussen leksikale items kan insluip, veral as die diverse kontekstuele faktore waarin leksikale items werksaam is, verreken word. Dit is lank nie meer so vanselfsprekend dat Afrikaans en Nederlands sonder meer vir respektiewelik die Nederlands- of die Afrikaanssprekende verstaanbaar is nie.

## 4. 'n Omkeerbare, gerekenariseerde, multifunksionele vertalende Nederlands–Afrikaanse woordeboek in bewerking

Op die oomblik is daar wel so 'n gerekenariseerde, meerfunksionele woordeboek in bewerking onder leiding van prof. Willy Martin van die Vrije Universiteit, Amsterdam en prof. Rufus Gouws van die Universiteit van Stellenbosch, tesame met talle medewerkers. Nederlands is die brontaal, die basiswoordeskat wat vrylik (gestruktureerd en beredeneerd) kan omkeer om die doeltaal Afrikaans te verreken, en gevolglik lei tot die ontstaan van 'n omkeerbare databasis van die brontaal en doeltaal onderskeidelik.

### 4.1 Die doel van die beoogde woordeboek

Die Nederlands–Afrikaanse woordeboek het die beskrywing van die leksikon

http://lexikos.journals.ac.za



van twee nou verwante tale deur middel van 'n nuut aangepaste leksikografiese beskrywingsmodel ten doel en hierdeur die stimulering van leksikografiese studies in Suid-Afrika, Nederland en Vlaandere. Die onderskeie tale sal onafhanklik 'n verteenwoordigende weerspieëling bied van die leksikon van hedendaagse Nederlands én Afrikaans.

### 4.2 'n Verbindingsinstrument tussen tale en kulture

So 'n woordeboek sal op taalkundige en letterkundige vlak wedersydse toeganklikheid en interkulturele kommunikasie bevorder deurdat onverstaanbare woorde en uitdrukkings in Nederlandse en Afrikaanse werke daarin nageslaan kan word. Volgens die haalbaarheids- en definisiestudie van die woordeboek sal die werk as 'n verbindingsweg tussen tale en kulture dien.

### 4.3 'n Kombinatoriese woordeboekmodel vol moontlikhede in 'n veeltalige konteks en as model vir ander taalpare

Die kern van leksikale aanbieding in die woordeboek is die kombinatoriese data met die verskillende datasones. Dié benadering bied 'n nuwe perspektief as aangepaste leksikografiese infrastruktuur wat selfs wyer as 'n tweetalige konteks is en ook vir 'n veeltalige konteks (soos Suid-Afrika met sy elf amptelike tale) aangewend kan word. Die waarde van die projek is dus meerdoelig, aangesien die visie van so 'n aard is dat die woordeboekmodel ook vir ander taalpare, soos Sesotho en Tswana, as nou verwante tale binne die Suid-Afrikaanse konteks, as model kan dien.

Volgens Renders (en medewerkers in die haalbaarheids- en definisiestudie van die woordeboek wat in 1999 van stapel gestuur is) maak Nederlands intrinsiek deel uit van die verlede (en hede) van die Afrikaanse taal en kultuur in Suid-Afrika. Net so behoort ook die kulturele produkte wat 'n stamverwante taal en gemeenskap voortgebring het, die belangstelling van die Nederlandstalige gemeenskap te wek. Hy noem dat kennisname van die kultuurgeskiedenis en kultuurprodukte van die Afrikaanssprekende die Vlaming en Nederlander die geleentheid bied om hul blik op die wêreld te verruim en hul ervaringshorison uit te brei. Via Afrikaans word dus toegang verkry tot Suid-Afrika en dien die Afrikaanse voedingsbodem en -kultuur vir 'n besonder verrykende ervaring met taalverwantskap as hoofmotivering vir samewerkingsooreenkomste tussen die twee nou verwante tale. Nouer kontak tussen Nederland en Suid-Afrika die afgelope dekade het gelei tot 'n groter wordende openheid en belangstelling in mekaar se kulture. Daarenteen het 'n afname in kennis van die kontaktaal oor die afgelope eeu heen gelei tot 'n behoefte aan 'n Nederlands–Afrikaanse woordeboek as hulpmiddel by uitstek om taalkundige misverstande uit die weg te ruim, insig in en 'n beter begrip van die onderskeie kontekste te verseker en sodoende doeltreffende kommunikasie te bewerkstellig.

http://lexikos.journals.ac.za



## 5. Die onverwagse labirint van nou verwante tale se betekenisonderskeidings

Alhoewel Afrikaans uit sewentiende-eeuse Nederlands ontwikkel het, het dit daarna 'n eie koers ingeslaan en vind die Nederlands- en Afrikaanssprekende dat hulle soms besig is om te verdwaal in die labirint van die twee nou verwante tale se woorde waarvan die betekenisonderskeidings soms wesenlik van mekaar verskil.

### 5.1 Verskillende ruimtelik-kulturele kontekste

Afrikaans het wél aan die begin van die vorige eeu, wat sy spelling en woordeskat betref, aansluiting by Nederlands gesoek, maar is ook beïnvloed deur ander tale soos Engels, Frans, Duits en Maleis-Portugees. Mettertyd het invloede van ander inheemse tale en van die Suid-Afrikaanse bodem ook inslag begin vind vanweë die konstante taalkontak as gevolg van veeltaligheid en multikulturaliteit. Die resultate daarvan is duidelik in hedendaagse Afrikaans.

Die ruimtelik-kulturele konteks waarin Afrikaans en Nederlands afsonderlik en geïsoleerd van mekaar in hul onderskeie lande ontwikkel, is inderdaad kontinente van mekaar verwyderd. Elkeen van die tale het weens maatskaplike ontwikkeling 'n rykdom kulturele erfgoed opgebou, wat natuurlikerwys in die onderskeie tale se woordeskat neerslag gevind het en wat die dinamiese veelsydigheid en ongebreidelde vitaliteit van die hedendaagse samelewing en kultuur weerspieël. Beide tale is ontwikkel tot volwaardige kommunikasiemiddele op alle gebiede van die maatskaplike lewe.

Dat die twee tale nie so toeganklik is vir onderskeie gebruikers soos met die eerste oogopslag blyk nie, beklemtoon 'n vertaler soos Riet de Jong-Goossens (1998: 85): "Omdat Afrikanen en Nederlanders elkaar redelijk verstaan, denken mensen dat het gemakkelijk moet zijn om Afrikaans te lezen. Natuurlijk komt een groot deel van het lexicon overeen, maar er is ook een groot deel waarvan de uiterlijke verschijningsvorm dezelfde is, maar de betekenis verschillend." In dié verband verklaar ook Dorsman (1998: 12) dat Afrikaans 'n ánder taal is, miskien nou verwant aan Nederlands, maar dáárom juis word vertaling bemoeilik. Vanweë ingrypende veranderinge waaraan Afrikaans blootgestel is, beskou hy dit sedert die 1950's geensins meer as 'n aanhangsel van Nederlands nie.

Vanweë politieke, maatskaplike en industriële veranderinge het daar die afgelope dekade 'n verruiming (waaronder onder andere neologismes), vernouing en verandering op woordeskatvlak in Afrikaans plaasgevind. Tipiese Afrikaanse lewensituasies vind uiteraard neerslag in talryke woorde, uitdrukkings en spreekwoorde, wat die behoefte aan 'n volledige en wetenskaplik verantwoorde tweetalige Nederlands–Afrikaanse woordeboek soveel dringender maak, aangesien bestaande bronne, woordelyste en internetvertaalwebwerwe óf verouderd óf onvolledig óf ontoereikend is. (Vergelyk byvoorbeeld die inte-

http://lexikos.journals.ac.za



ressante, maar beperkte webwerf *101 Valse Vriende* <http://www.geocities.com/Athens/Acropolis/9756/> waar die verskille tussen Nederlands en Afrikaans bespreek word.)

### 5.2 Gemeenskaplike en eiesoortige idiomatiese uitdrukkings, kollokasies en woorde in Nederlands en Afrikaans

'n Groot veld wat nog braak lê en wat deur die nuwe woordeboek gedek sal word, is 'n omvattende sinchroniese en diachroniese ondersoek na die omvang van die verskille in die idioomskat van Nederlands en Afrikaans. Beide tale deel 'n groot aantal gemeenskaplike idiomatiese uitdrukkings. Die teendeel is egter ook waar: elkeen van die tale beskik oor 'n groot aantal eiesoortige idiomatiese uitdrukkings wat wedersydse begrip kompliseer. Dit geld natuurlik nie net idiome nie, maar ook die woordeskat self. Vergelyk Nederlandse begrippe soos *berm* vir " 'n strook grond langs dyke of die grondafsaksel in dyke", *strippenkaart* vir " 'n reekskaartjie vir verskillende openbare Nederlandse vervoermiddels", *metro* vir "die ondergrondse spoorweg", *lucifer* vir " 'n vuurhoutjie", *mus* vir " 'n Afrikaanse mossie" (terwyl die Nederlandse *muts* verwys na 'n hoofbedekking wat in Afrikaans as *mus* bekend is), *toetje* vir "nagereg", *zaklantaren* vir " 'n flitslig", *prullebak/vuilnisbak* vir " 'n vullisblik of 'n vuilgoedblik", *nijlpaard* vir " 'n seekoei" en *paraplu* vir " 'n sambreel".

'n Tipies Nederlandse uitdrukking soos *voor Pampus liggen* het oordragtelike betekenis en idiomatiese status in Nederlands verwerf, maar is normaalweg onbekend buite 'n Nederlandse konteks. Alle Nederlanders weet egter dat *Pampus* oorspronklik 'n sandbank in die Ijsselmeer naby Muiden was, wat later ontwikkel is in 'n mensgemaakte militêre forteiland met kanonne vir die beskerming van Amsterdam teen vyandelike skepe in die Noordsee. Die sandbank het soms vir lang tye tydens ebgety skepe verhinder om verder te vaar en die bemanning het hulle tydens dié lang wag oorgegee aan eet en drink, vandaar die betekenis van *voor Pampus liggen*: "jou ooreet en -drink terwyl jy niks (kan) doen om voort te beweeg nie".

Vir die Afrikaanse leksikograaf met sy unieke verwysingsraamwerk en kulturele en sosiale waardeoordele, word dit in 'n Nederlandse milieu duidelik waarom die leksikografiese redigering van Nederlandse lemmata in 'n vertalende Nederlands–Afrikaanse woordeboek so 'n groot uitdaging inhou, ten spyte van die feit dat dit twee nou verwante tale is wat hanteer word. Want hier gaan dit om taalrelatiwisme.

### 5.3 Taalrelatiwisme (die Sapir–Whorf-hipotese)

Taalrelatiwisme impliseer dat elkeen van die betrokke tale 'n unieke soort perspektief op die taaleie werklikheid bied vanweë 'n unieke lewens- en wêreldbeskouing wat 'n inherente deel uitmaak van 'n betrokke moedertaal, in hierdie geval onderskeidelik Afrikaans en Nederlands. Die Sapir–Whorf-hipotese is 'n

http://lexikos.journals.ac.za



kombinasie van linguistiese relatiwiteit (kultuur beïnvloed taal, vandaar die onbeperktheid van tale se diversiteit) en linguistiese determinisme (taal bepaal die lewens- en wêreldbeskouing).

Volgens die sterk deterministiese weergawe beleef die mens die werklikheid in terme van kategorieë en onderskeidings wat in die betrokke taal geënkodeer is, terwyl die swak deterministiese weergawe, daarteenoor, impliseer dat taal nie 'n persoon se denkprosesse beïnvloed nie, maar wel die menslike geheue, persepsies en gedagtes affekteer. Die swak relatiwistiese weergawe impliseer dat alle taalgebruikers fundamenteel oor ooreenstemmende konseptuele raamwerke beskik, wat betref abstrakte konsepte soos tyd en ruimte.

## 6. Die tweetalige Nederlands–Afrikaanse woordeboek

### 6.1 Infrastruktuur = RBN ↔ OMBI

Die onderliggende vertrekpunt van die woordeboek is op 'n eentalige Nederlandse databasis geskoei. Hieruit vloei die tweetalige Nederlands–Afrikaanse woordeboek se infrastruktuur waarin daar eerstens, as leksikale databank en betroubare referensiepunt van lemmata, 'n Referentiebestand Nederlands, verkort tot RBN, ontstaan. Dit word gekoppel aan 'n teenoorgestelde kant met omkeringsmoontlikhede vir die skep van Omkeerbare bilinguale bestanden, ook verkort tot OMBI, waaraan Afrikaanse lekseme gekoppel word.

Die abstrakte datakategorieë van die tweetalige woordeboek bestaan onder andere uit die trefwoord met sy vorm, betekenisomskrywing/resumé/vertaalprofiel (waaronder ook pragmatiese gebruik ressorteer), kombinatoriek en 'n afdeling vir kommentaar (waaronder kontraste soos "valse vriende", kultuurgebonde en taalspesifieke items en diskoersmerkers ondergebring word). Daar word by elke polisemiese betekenisfaset van 'n woord in die onderskeie tale leksikale kommentaar gegee. Leksikografiese kommentaar word vanuit kontrastiewe oorweginge gegee, veral by "valse vriende" en kultuurgebonde woorde of woorde sonder geleksikaliseerde vertaalekwivalent in die doeltaal, wat ook "leksikale gapings" genoem kan word. Vergelyk in hierdie verband tipies Afrikaanse begrippe (wat in sommige gevalle ook beïnvloed is deur inheemse Suid-Afrikaanse tale), soos *Afrikatyd, biltong, lobola, mahala, slaphakskeentjies, souskluitjies, toyi-toyi,* ensovoorts, teenoor tipies Nederlandse begrippe soos *elfstedentocht* (skaatswedstryd langs elf Friese stede, met Leeuwarden as begin- en eindpunt), of *terp* (heuwel in Friesland waarheen in geval van 'n oorstroming gevlug kan word). Waar daar nie 'n Nederlandse idioom, kollokasie of woord vir 'n Afrikaanse idioom, kollokasie of woord bestaan nie, word die Afrikaanse weergawe ingesleutel as "brontaal". Die skuiffunksie tussen die twee tale word dus geaktiveer tydens elke lemmabewerking en word deur middel van 'n strukturele merker aangedui. Dit is egter nie slegs die verskille tussen lemmata wat aandag geniet nie. Ook die ooreenkomste word wetenskaplik benader waar 'n woord soos *tafel* identies in vorm en betekenis is. Ook

http://lexikos.journals.ac.za



woorde waarvan die betekenis ooreenkom, maar waarby daar sistematiese morfologiese verskille bestaan, word verreken, veral by werkwoorde, soos die Afrikaanse *ontsnap* teenoor die Nederlandse *ontsnappen*.

### 6.2 Latere praktiese aanpassings in OMBI se infrastruktuur

Tydens 'n besoek aan prof. Willy Martin by die Departement Lexicologie, Vrije Universiteit: Amsterdam, is daar op OMBI gewerk om leemtes in die rekenaarprogram, vanuit die Afrikaanse leksikograaf se perspektief, te probeer identifiseer. By redigering van die letter J se omkering na Afrikaans, is 'n leemte in die rekenaarprogram geïdentifiseer, naamlik die onderskeiding van die morfologiese waarde van die vertaling van die voorbeelde, bekend as *kontrastiewe relevansie* en *niekontrastiewe relevansie.* 'n Verdere behoefte was die duideliker aantoon van die gelyktydige voorkoms van idiome. Dit het gelei tot die invoeging van bykomende kodesleutels in die rekenaarprogram: CR en NCR om die kontrastiewe relevansie (of die afwesigheid daarvan) aan te toon en ID-CR en ID-NCR in die geval van idiome. Onder kontrastiewe relevansie word nie bloot "vormlike" afwykings verstaan nie, maar ook leksikale en grammatikale kontras.

### 6.3 Verdere kenmerke van die OMBI-datakategorieë (kodesleutels, leksikografiese kommentaar, ensovoorts)

Kodesleutels wat in die rekenaarprogram ingebed is, sluit onder andere in die @ (teen)-teken by "valse vriende", die # (hekkie)-teken wat aandui dat Nederlands en Afrikaans vormlik absoluut identies is en die % (persentasie)-teken by leksikale gapings of kulturele items. Selfs fynere aspekte soos ortografiese verskille tussen woordpare (byvoorbeeld weeksdae wat in Afrikaans met hoofletters en in Nederlands daarsonder geskryf word), en konnotatiewe, denotatiewe en kombinatoriese verskille (wat ook die ko-teks en konteks van woorde insluit) word verreken. Ook die verskille tussen gegewe voorbeelde van verwante tale word op woordvlak en woordkombinasievlak bespreek. Waar kontrastiewe verskille lei tot gebruiks- en/of interpretasieprobleme, word dit toegelig met leksikografiese kommentaar.

Anders as by klassieke vertaalwoordeboeke en bestaande beperkte Afrikaans–Nederlandse woordeboeke en -lyste, verg hierdie benadering 'n kontrastiewe behandeling met die noodsaaklike afdeling vir kommentaar wat linguistiese aspekte by sommige woordpare (waarvan die vorm verskil) en ook by uitdrukkings betref. 'n Ander benadering word gevolg by woordpare waar daar nie 'n verskil is nie. Die datakategorieë/beskrywingsmodel bly dieselfde, maar die omvang en aanbieding van die doeltaalbewerking word bepaal deur die ooreenkomste of verskille tussen die morfologiese, semantiese of pragmatiese eienskappe van die bron- en doeltaalwoorde. Elke woordeboekartikel beskik dus oor dieselfde datakategorieë wat daarop gemik is om ook betekenis-

http://lexikos.journals.ac.za



en gebruiksverskille van woorde te belig. Die rame verskil egter van woord tot woord, afhangende van die tipe woord, woordpaar of gebruiker. Funksiewoorde word dus anders bewerk as leksikale woorde (sien 6.4 vir 'n waarneming rakende funksiewoorde se omkering).

Linguistiese niveaus wat aandag geniet, sluit in spelling, uitspraak, morfologie, sintaksis, semantiek, pragmatiek en kombinatoriek. Hierdie vooraf gedefinieerde struktuur van die omkeerbare rekenaarprogram lei dus die Afrikaanse leksikograaf doelgerig tydens die omkeringsbewerking van Afrikaanse lemmata. 'n Belangrike aspek van die Nederlands–Afrikaanse woordeboek is die gebruikskontekste en ander talige komponente van die leksikon, wat dui op 'n intensiewe vergelykende studie van onder andere die woordeskat, morfologie, sintaksis en pragmatiese aspekte.

## 6.4 Enkele waarnemings tydens die omkeringsbewerkings op OMBI

Tydens die bewerking van die kombinasielemma *bluffen/bluf* was een van die betekenisonderskeidinge, eie aan die Nederlandse konteks, 'n verwysing na *Haagse bluf* met die betekenis "nagereg van styfgeklopte eierwit, soms met bessiesap". In Afrikaans verwys *bluf* na "grootpratery, spogtery of oëverblindery". Die Afrikaanse leksikograaf kan dus met 'n mate van sekerheid die afleiding maak dat die Haagse nagereg misleidend weinig bestanddele van substansie bevat, maar indrukwekkend vertoon met 'n bessiesousie.

Die nuanseverskille tussen die twee tale val alleen maar die fyn woordwaarnemer op. Op 'n bussitplek gereserveer vir gestremde persone, is die volgende amelioratief in Nederlands aangebring: *zitplaats bestemd voor* ***minder*** *valide*. In Afrikaans bestaan daar (nie sover bekend) 'n eufemisme vir *invalide* wat *nievalide* impliseer nie.

'n Verdere verskynsel wat 'n interessante ondersoek kan regverdig, is woorde uit sewentiende-eeuse Nederlands wat tans in Afrikaans as verouderd aangevoel word, terwyl hulle in Nederlands nog algemeen in gebruik is, byvoorbeeld *laarse* (in Afrikaans het *laarse* die etiket *verouderd*, terwyl *stewels* in Afrikaans algemeen gebruiklik is). Vergelyk ook in dié verband *oortje/oortjie*, *stuiver/stuiwer* (5c), *dubbeltje/dubbeltjie* (10c), *kwartje/kwartjie* (25c), en *rijksdaalder/riksdaalder* (250c) wat tot en met die koms van die Euro in Nederlands gebruik is, maar verouderd is in Afrikaans vanweë 'n "nuwer" geldstelsel. Dan bestaan daar ook verouderde vorme in beide Nederlands en Afrikaans, naamlik *daalder/daler* (150c) en *duit*. In Afrikaans se spreekwoordeskat en verhaleskat is die verouderde vorme egter steeds lewendig, lank nadat die woorde uit die aktiewe woordeskat verdwyn het. Dink byvoorbeeld aan die uitdrukkings: *nie 'n* ***duit*** *omgee nie* en *'n* ***stuiwer*** *in die armbeurs werp* en die sprokie *Die* ***gelaarsde*** *kat*. Die afdeling vir kommentaar is dus onontbeerlik.

In 6.3 is gemeld dat funksiewoorde anders bewerk word as leksikale woorde. Die leksikograaf kan daarby baat vind deur hom te vergewis van al die relevante voorsetsels (in beide tale) wat moontlik in kollokasies gebruik kan word alvorens werkwoordbewerkings aangepak word. 'n Geheelbegrip

http://lexikos.journals.ac.za



van die kollokasie tree dus duideliker na vore tydens die bewerking van die werkwoord as lemma.

Metaleksikografiese riglyne is baie belangrik. Met metaleksikografiese riglyne word byvoorbeeld bedoel riglyne vir die oordeelkundige aanwending van pragmatiese leiding (onder andere etikette), goedgekose, verhelderende sitate en poëme en relevante gebruiksleiding. Dit kan die teikengebruiker van 'n vertalende woordeboek insig gee in unieke en kultuurspesifieke woordeskatelemente wat die tale van mekaar onderskei.

### 7. Slot

Die Afrikaanse leksikograaf kom voor 'n groot uitdaging te staan, aangesien Nederlands en Afrikaans so nou verwant is en die nuanseverskille weinig en gering. Tydens taalkontak van Nederlandse en Afrikaanse sprekers word geringe aanpassings en verstellings op taalvlak gemaak en spoedig is die verskille tussen die twee tale nie meer so opvallend nie, want deur sy aanpasbaarheid skep die mens 'n soort metataal vir suksesvolle kommunikasie. Taalversteuring en -beïnvloeding vind makliker plaas tussen nou verwante tale. En dit is juis onderskeiding van die fyn nuanseverskille tussen Nederlands en Afrikaans wat so belangrik is vir leksikograwe wat aan hierdie woordeboek werk.

Die deskriptiewe, linguistiese, wetenskaplike en gebruikswaarde van so 'n vernuwende woordeboekprojek is onbetwis en die woordeboek (met 'n ingebedde vertaal-, begrips-, produksie- en leerfunksie) waarvoor al soveel jare aan beide kante gewag is, is dus 'n noodsaaklikheid en stimulus vir navorsing op die gebied van die tweetalige leksikografie. Voeg daarby die ideaal dat ander nou verwante taalpare ook volgens hierdie model omkeerbaar is en die betekenisvolheid van so 'n woordeboek blyk duidelik.

## Verwysings

**De Jong-Goossens, Riet.** 1998. Vertalen in de praktijk. *Filter* 5(3): 83-90.

**Dorsman, Robert.** 1998. Als een (lach)spiegel in raadselen. *Filter* 5(3): 3-12.

**Geerts, G. en H Heestermans.** 1992[12]. *Van Dale Groot Woordenboek der Nederlandse Taal*. Utrecht/Antwerpen: Van Dale Lexicografie.

**Jansen, Ena en Gerrit Olivier.** 1986. *Praktiese Nederlands.* Pretoria/Kaapstad: Academica.

**Martin, Willy (Red.), Rufus Gouws en Luc Renders.** 1999. *Haalbaarheids- en definitiestudie voor een woordenboek Afrikaans–Nederlands/Nederlands–Afrikaans.* Amsterdam: Vrije Universiteit.

**Stoops, Yvette.** 1995. *Bobbejane of bavianen: Afrikaans versus Nederlands.* Mechelen: CODA.

**Swart, Corlietha.** 1995. *'n Leksikaal-semantiese ondersoek na verandering in die Afrikaanse woordeskat soos dit weerspieël word in die hedendaagse nuusmedia.* Ongepubliseerde M.A.-skripsie. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

**Swart, Corlietha.** 2000. *Verslag oor OMBI: Besoek aan vakgroep Lexicologie (prof. Willy Martin), Vrije Universiteit: Amsterdam, Sept.–Okt. 2000.* Ongepubliseerde verslag, elektronies versprei aan medewerkers.